

23 AUGUSTUS

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 77
FOKUSGEDEELTE: PSALM 77:5-8**

God vergeet ons nie

Dit is dikwels vir ons onmoontlik om die optrede van die Here in ons lewens te begryp. Jou hele lewe word skielik onderstebo gekeer, alles loop verkeerd en jy bevind jou in diepste nood en ellende. Jy bid onophoudelik tot God, dag en nag, sonder om moeg te word, maar dit is alles skynbaar tevergeefs, want jy kry geen antwoord nie. Jy lê nagte lank wakker en worstel met God, sonder om tot rus te kom. Later begin jy wonder: Het God my dan vergeet? Of het Hy my dalk vir altyd verstoot? Wat het dan van sy liefde en genade geword, sy beloftes en sy trou? Soms lyk dit vir jou asof Hy verander het, asof Hy nie meer soos voorheen optree nie. Sy wonderdade – dwarsdeur die geskiedenis heen – getuig egter helder en duidelik van sy almag, sy liefde en sy trou. So ook die kruisdood en opstanding van ons Here Jesus Christus. As Hy daar aan die kruis op Golgota sterwe, lyk alles op die oog af verlore, tot Hy opstaan uit die graf en triomfantelik opvaar na die hemel! Soos 'n herder sy kudde lei, so lei, versorg en bewaar Hy jou. As jy aan sy dae dink, daaroor nadink en dit bepeins, sal jy rus vind by God. Om jou in jou geloof te versterk, herinner Hy jou daarom ook deur sy Woord en deur die sakramente gedurig aan al sy wonderdade.

Sing: Psalm 66:7, 9

Ds Johan Myburgh (Meyerton)